HOE LUISTER ONS NA GOD? (5)
SONDAG 12 NOVEMBER 2006
Ds Freddie Schoeman

Verlede week het ons gesien dat koning Josia aan bewind gekom het in ‘n tyd van grootskaalse godsdienste verval in die jaar 640. Hy was toe maar 8 jaar oud. Beide sy pa, Amon, wat net twee jaar op die troon was, en sy oupa, Manasse, wat 55 jaar op die troon was, het “gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here.

Omdat die Assiriese heerskappy aan die taan was, het Josia die geleentheid gehad om die godsdiens van Israel te hervorm. Toe hy oud genoeg was om leisels van die regering oor te neem, het hy begin met die tempel. Tydens die herstelwerk aan die tempel, is die wetboek van die Here onder die stof en die rommel ontdek. Dit was heelwaarskynlik die grootste gedeelte van wat ons vandag ken as Deut 5-27.

Die wetboek het verdere momentum aan die hervormingsproses gegee. Josia het die volk gelei tot ‘n nuwe verbintenis aan die Here en het, in ooreenstemming met die bepalings van Deuteronomium, die aanbidding gesentraliseer in Jerusalem waar daar kontrole uigeoefen kon word. Hy het al die hoogtes waarop die afgode aanbid is verwoes.

Net toe die hervormingsproses besig was om mooi spoed op te tel, gebeur daar ‘n geweldige tragedie. Ons het verlede week gesien dat die profetes Gulda voorspel het dat Josia ‘n vreedsame dood sou sterf. (2 Kon 22) Ongelukkig is hierdie voorspelling nie bewaarheid nie.

In 612 vC het Nineve, die hoofstad van die Assiriese Ryk, voor die Babiloniërs onder aanvoering van Nebukadneser geval. Die magsbalans was nou tussen Egipte in die suide en Babilon in die noord-ooste. Faro Nego van Egipte het ‘n paar jaar later, in 609, probeer om die balans na sy kant toe te laat oorhel. Hy het met ‘n groot mag opgeruk na Karkemis om die Babiloniërs daar die stryd aan te sê. Hy het deur Israelse grondgebied beweeg – en Josia, die koning van Juda, het sy kans waargeneem om guns by die Babiloniërs te wen.

By Megiddo probeer Josia die Egiptiese magte stuit. Tevergeefs. Josia sterf in die veldslag en sy lyk word in sy strydwa na Jeruslem teruggeneem waar daar ‘n groot weeklaag was. (2 Kron 35:20-25)

> *[20] Alles wat Josia aan die tempel laat doen het, was afgehandel. Toe het koning Neko van Egipte opgetrek om in Karkemis, aan die Eufraat, te gaan oorlog maak. Josia het teen hom opgetrek, [21] en Neko het met*

> *boodskappers vir hom laat weet: "Ons het niks teen mekaar nie, koning van Juda! My veldtog is dié keer nie teen jou nie, maar teen 'n vyand. God het gesê ek moet gou maak. Moenie in God se pad kom nie. Hy is by my en Hy sal jou vernietig."*
> *[22] Josia het Neko egter nie met rus gelaat nie. Hy het hom vermom met die oog op die geveg en nie geluister na wat Neko op bevel van God self gesê het nie. Hy het vir Neko in die Megiddovlakte gaan aanval. [23] Die boogskutters het koning Josia raakgeskiet, en hy het vir sy lyfwagte gesê: "Bring my uit, ek is swaar gewond." [24] Hulle het hom van die strydwa afgehaal, hom op 'n ander wa gesit en hom na Jerusalem toe gebring. Hy is oorlede, en hy is begrawe in die familiegraf. Die hele Juda en Jerusalem het oor Josia getreur. [25] Jeremia het 'n treurlied oor Josia gedig, en al die sangers en sangeresse het oor Josia gesing in hulle treurliedere. Dit word nou nog gedoen, dit het 'n gebruik in Israel geword. Die liedere is opgeteken in Die Treurliedere.*

Josia se dood was 'n geweldige terugslag vir die staat Juda en die godsdienshervormings in die land. Jojakim, wat Josia uiteindelik opgevolg het, het gedoen "wat verkeerd is in die oë van die Here." Daar word selfs geskryf dat hy "afskuwelike" dinge gedoen het, wat waarskynlik onder andere verwys het na afgodery.

Daar het 'n in hierdie tyd het 'n baie ou geloof weer nuwe stukrag gekry, nl die geloof dat Jerusalem, die stad van Dawid, die woonplek van God, onaantasbaar was. Die volk het waargeneem dat die Egiptenare toe nie Jerusalem uit straf en wraak verower het en die tempel verwoes het soos hulle verwag het nie. Dit het die geloof aan die onaantasbaarheid van Jerusalem versterk. Hulle het al hoe vaster begin glo dat die Here dit tot in ewigheid sou beskerm.

Daar is selfs 'n soort liedjie gekomponeer om hierdie geloof / teologie uit te druk: "Ons is veilig. Dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel.", het hulle gesing. Die volk het egter onder 'n groot illusie verkeer – en toe stuur die Here die profeet Jeremia om hulle uit hierdie valse droom wakker te skud.

Lees Jeremia 7:1-11

> *Dit is die woord wat van die Here tot Jeremia gekom het: [2] Gaan staan in die poort van die huis van die Here en roep daar hierdie woorde uit: Al julle Judeërs wat by hierdie poorte ingaan om die Here te dien, hoor die woord van die Here!*
>
> *[3] So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Maak julle lewe en julle dade reg, dat Ek julle kan laat bly in hierdie land. [4] Moenie julle vertroue stel in leuens nie. Julle sê: "Ons is veilig! Dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel!" [5] Maak liewers julle lewe en julle dade reg. Doen aan mekaar wat reg is, [6] moenie vreemdelinge, weeskinders en weduwees onreg aandoen nie, moenie mense onskuldig om die lewe bring in hierdie land nie en moenie ander gode dien nie. Dit*

sal onheil oor julle bring. [7] As julle aan My gehoorsaam is, sal Ek julle in hierdie plek laat bly, in hierdie land wat Ek vir altyd aan julle voorvaders gegee het. [8] Julle vertrou op leuens wat julle niks gaan baat nie. [9] Julle kan mos nie steel, moor, egbreuk pleeg, vals ede aflê, wierookoffers vir Baäl bring, ander gode dien vir wie julle glad nie ken nie, [10] en My dan ook nog in hierdie tempel wat na my Naam genoem is, kom dien en sê: "Ons is veilig" nie! En dan gaan julle maar voort met al hierdie gruwelike dinge! [11] Het hierdie huis wat na my Naam genoem is, vir julle 'n rowerspelonk geword? Ek het gesien wat julle doen, sê die Here.

[Kom ons luister asof hierdie woord vir ons bedoel was. Wat wil die Here vandag vir ons deur hierdie woorde van Jeremia destyds sê? Kom ons laat toe dat ons harte aangeraak word, soos Josia toe Safan die wetboek aan hom voorgelees het.]

Die beeld van 'n rowerspelonk is nogal veelseggend. Wat was 'n rowerspelonk gewees? Dit was 'n veilige wegkruipplek vir rowers gewees. Hulle kon hulle buit soontoe neem en wegkruip totdat hulle weer kon gaan roof.

Jeremia sê dat die volk hulle godsdiens, met name die tempel, gebruik as 'n rowerspelonk. Hulle dink kan lewe net soos hulle wil, hulle kan dien wie hulle wil – dit maak nie saak nie, want die voortbestaan van die volk, die koning, die tempel is gewaarborg.

Jeremia wil twee dinge baie duidelik maak:

- Dade het gevolge
- Besluit wie julle wil dien

Dade het gevolge

Jeremia se boodskap is: dit wat julle doen het onmiddellike, maar veral, langtermyn gevolge. Dis nie so dat hulle veilig is nie. Dis 'n leuen. Daarom sê hy herhaaldelik: *Maak julle lewe en julle dade reg*. *Die Here gaan julle nie beskerm teen die gevolge van julle dade nie..*

Julle kan nie maar net leef soos julle wil en dink niks gaan gebeur nie.

Die Here gee sy wet met 'n doel: omdat Hy wil hê dat ons 'n lewe in oorvloed sal hê (liefde, vreugde, vrede). Hoe meer ons volgens die wet lewe, hoe meer het ons so 'n lewe. Dit maak die lewe vir ons oop - ons het meer leefruimte. (Lae kwaliteit lewe) Hoe meer ons die wet oortree, hoe minder liefde, vreugde, vrede het ons in

ons lewe. Dit beperk ons lewe - maak ons lewensruimte minder. (Hoë kwaliteit lewe)

Besluit wie julle wil dien

Julle kan mos nie … ander gode dien … en My dan ook … in hierdie tempel dien en dan sê “Ons is veilig” nie. Dit is om van jou geloof / godsdiens 'n rowerspelonk te maak.

Of jy dien die Here met jou hele hart, siel en verstand, of jouself of iets of iemand anders. Of … of. Nooit en … en nie. Jesus het gesê: ‘n mens kan nie twee base dien nie.

Hierdie selfde twee sake wil Jeremia ook vanoggend aan ons kom stel:

- Eerstens: Maak jou lewe en jou dade reg. Bring jou lewe in ooreenstemming met dit wat jy glo. Jou dade het gevolge. Die Here beskerm ons nie teen die gevolge van ons dade nie.

- Tweedens: Ons kan nie op ‘n Sondag sê ons dien die Here maar dan in die week weer ons eie belange gaan dien nie en ‘n totaal selfsugtige lewe lei. Ons moet dit vir ons uitmaak: beteken ons godsdiens dat ons God diens / of God ons. Is God in ons diens, of is ons in God se diens? God in ons diens = rowerspelonk.

  Oor wie gaan dit hier? Oor my gemak / my plesier / my veiligheid / my voorspoed - of gaan dit oor die saak van die Here?

Jare later, het ‘n ander profeet, in ander omstandighede, in ‘n ander tempel, geldwisselaars en duiweverkopers uit die tempel gejaag, en gesê: *Staan daar nie geskrywe: My huis sal ‘n huis van gebed vir al die nasies wees’ nie? Maar julle het dit ‘n rowersnes gemaak.*

Wat wil Jeremia en Jesus vandag vir ons sê?